

Woensdag 14 Julie

Skrifgedeelte: Miga 4:1-7

Fokusgedeelte: Miga 4:2

Die Messias bring blywende vrede

Die woorde van Miga 1 – 3 kom woordeliks met Jesaja 2:2-4 ooreen, met klein variasies. Dit is 'n profesie van hoop op herstel. Miga het as profeet van die Here 'n vernietigende oordeel oor Jerusalem (Sion) uitgespreek in Miga 3. Die regeerders, die profete en die volk se ontrou aan die Here sou hierdie vernietiging van die Dawidstad meebring.

Maar in hierdie paar verse van Miga 4 word 'n aangrypende *belofte van hoop* verkondig. Jerusalem gaan herstel word met die koms van die Messias. Die nuwe Dawid gaan op die toneel verskyn en Jerusalem, oftewel Sion, sal die middelpunt van die vrederyk word. Die volke sal *stroom* na Jerusalem. Die Here maak 'n nuwe begin met sy volk. Jerusalem, wat 'n puinhoop geword het met die ballingskap, staan uit die as op en word die sentrum van aanbidding. Uit die herstelde nuwe Jerusalem laat die Here sy openbaring kom. God se Woord van hoop en ware vrede weerklink uit Sion. In Christus, die Messias, die Gesalfde van die Here, is hierdie belofte vervul.

Waar mense hulle lewe inrig volgens die wil en woord van die Here, kom daar *vrede*. Dan word wapentuig verander in landbou-implemente. Van swaarde word ploegskare gesmee, oorlogspiese word snoeimesse, kanonne word trekkers. So hoort dit in die kerk. Dit is die hartewens van Psalm 122:8: *Ter wille van my broers en my vriende wens ek jou vrede toe.*

So hoort dit tussen broers en susters, waar die liefde wat die Heilige Gees uitstort in ons harte, onderlinge vrede bewerk. Dit is alleen moontlik as die openbaring van God, sy Woord in die kerk onbevrees verkondig word en gelowig aangeneem word.

Sing: Psalm 122-1:2

Ds. NJ van der Walt (Nic) (Emeritus)